



Koninkrykstyf: "Nogtans..."

teks: Hosea 1:2-10

Agtergrond: Hosea tree (soos Amos) op as profeet tydens Jerobeam II se koningskap in die Noordryk. Soos ons laasweek gehoor het was dit 'n tyd van ongekende welvaart en voorspoed. Maar dit was ook 'n tyd van skaamtelose afvalligheid en selfsug; hulle het rugkant na God en hul naaste geleef. Hosea se profesie is 'n dringende boodskap omdat die volk op hulle laaste bene staan. Net 'n paar jaar later (722vC) het die Assiriërs die Noordryk ingeval en die volk weggevoer in ballingskap wat hul finale vernietiging tot gevolg het.

Vreemde opdrag...

Hosea is die Bybelboek wat in mees aangrypende taal praat van die buitengewone aard van die liefde van God. Dit is ook een van die helderste openbarings van God se persoonlikheid.

Met die intrapslag is die storie kompleks! Eerste ding wat ons lees is dat Hosea die opdrag kry om te gaan trou met 'n losbandige vrou. Asof God sê: "Hosea, gaan wys met jou lewe wat my volk se afvalligheid aan my doen, want hulle verstaan nie my woorde nie."

Dink net hoe moes Hosea gevoel het. Sy vriende, en mense wat hom geken het, het

seker gesê: "Hosea, ons is lief vir jou, en ons sien jou as 'n rolmodel, maar hoe kan 'n persoon van integriteit so 'n openlik losbandige persoon liefhê en met haar trou?", waarop Hosea dalk reageer het met die woorde: "Ek is baie bly jy vra die vraag. Ek het 'n teenvraag: Hoe kan 'n liefdevolle, heilige God so 'n losbandige afvallig nasie soos ons steeds liefhê?"

Onverdiende liefde

Wanneer Hosea hierdie vraag vra, is hy besig om deur 'n mikroskoop te kyk na die hart van God. Gaan 'n paar eeue terug: Toe God gesoek het na 'n nasie deur wie Hy Homself sou bekendstel aan die wêreld, hoekom het Hy die Israëliete gekies? Hoekom nie eerder die gesofistikeerde Griekse nasie nie: die land van filosofie en die groot denkers Sokrates, Plato en Aristoteles.

Of wat van Rome? Hoekom nie die magtige Romeinse Ryk uitkies as sy volk nie. Maar nee God kies nie 'n magsbehebde, veglustige nasie nie. Hoekom het Hy nie Babilon gekies nie? Veral in die 6de eeu vC was hul bekend vir hul mooi paleise en pragtige stede; hul was die nasie wat in 586 vC finaal die Suidryk Juda en stad Jerusalem vernietig het. Maar nee, God gaan nie na Griekeland of Rome of Babilon nie. Hy gaan na 'n klein, nietige nasie;

uitgelag deur Griekeland, mishandel deur Rome, tot slawe gemaak deur Babilon. En God sê: "Julle is my volk en deur julle gaan Ek al die nasies van die wêreld seën, en wys hoe lyk liefde." En Hy noem hulle sy oogappel (Sagaria 2:8). In Hebreeus staan daar: "Jy is die jong meisie(man) van my oog" - 'n kragtige metafoer wat beteken om vir die persoon vir wie jy lief is te sê: "Kom nader...kom nóg nader, kom tot hier teen my, en kyk in my oë totdat jy daardie klein weerkaatsing van jouself in my oog kan sien. Dán sal jy weet jy is My oogappel/geliefde..." God bewys hierdie liefde teenoor 'n nasie wat dit geheel en al nie verdien nie, wat keer op keer teleurstel, by tye iets laat deurskemer van God se liefde, maar meeste van die tyd net vir hulself leef.

God se reaksie

Toe God vir Israel gekies het, het Hy gesoek wat alle bemindes en ouers graag wil hê: 'n gelukkige huis waar almal floreer. Maar dit gebeur nie by Israel nie - wel soms maar min... "Wat het Ek verkeerd gedoen?" vra God. *"Hosea records the deep sadness of God, who wanted a lover but found only a child"* P Yancey.

God voel beide soos soos 'n verwerpte minnaar/beminde en ouer. Die **name** van die Hosea en Gomer se kinders is skokkend en tog so gepas:

1)**Jisreël** verteenwoordig 'n slegte stuk geskiedenis - koning Jehu was daar vir 'n bloedbad verantwoordelik. Beteken: jy sal maai wat jy saai, jy kry wat jy verdien. Verwys na Assiriërs wat hul sou vernietig binne 'n paar jaar.

2)**Sonder-ontferming**: dit verwys na 'n baarmoeder en die liefde wat 'n ma het vir haar kind. God het dit nie meer nie: geen genade of liefde.

3)**Nie-my-volk-nie**: God wil die verbonds-verhouding met sy volk verbreek. Die sin in die NAV: "Ek is nie julle God nie," kan letterlik vertaal word met: "Ek is nie *EK IS* vir julle nie." Dit is die naam waarmee die Here Homself aan Moses by die braambos bekendgestel het. God: "Ek respekteer jul keuse om weg te stap. Ek is nie meer *EK IS* vir julle nie. Julle word nie gestraf vir julle sonde nie, maar deur julle sonde."

Die drie kinders is die 3-punt preek van Hosea 1: Julle kry wat julle verdien, Ek voel niks meer vir julle nie, en julle sal My nooit weer sien nie.

Nogtans...!

Gelukkig het Hosea se preek 'n onverwagse 4de punt: In v10 kom die draaipunt met die goeie nuus: "Nogtans/Tog..." - die belangrikste woord in die Bybel. Dis amper asof God Homself in die rede val, en die verbond in herinnering roep: "Julle is en bly *EK IS* se kinders..." v12: "Ek sal genade bewys..."

Die boodskap van hoop lê in die Here se besluit om nóg tans ook vir ons te sê: Ek hou die verhouding met julle in stand, selfs al lewe julle nie altyd in gehoorsaamheid nie.

"To the degree you experience God's love toward you – that He sees you as his beloved – you will be changed" Tim Keller. Geen ander aardse liefde kan gedefinieer word totdat die diepte van hierdie tipe liefde regtig verstaan en aanvaar word nie. 1 Joh 4:10 "Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar **GOD** se liefde vir ons."